



HOE OM VIR JOU PROBLEME TE BID

Een van die voorwaardes vir gebedsverhooring is geloof. Jy moet glo. Geloof is die sleutel wat die deur oopsluit deur gebed. Somtyds is situasies egter so oorweldigend dat dit moeilik is om geloof te hê. Die vraag is: Hoe kry jy geloof in 'n situasie wat hopeloos lyk?

Romeine 10:17(1953 Vertaling) leer ons waar geloof vandaan kom. *“Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.”* Ons kry dus geloof deur te luister na God se Woord. As jy jou geloof wil bou, is dit maklik. Vul jou lewe met die Bybel. Hoe meer kennis jy van die Bybel het, hoe meer geloof gaan jy hê. Hoe minder jy weet wat in die Bybel staan, hoe minder geloof gaan jy hê.

Hoe bid jy vir problem en moeilike omstandighede? Die sleutel tot gebed in die Bybel is die beloftes van die Here. Daar is meer as 7 000 beloftes in die Bybel. Hulle is soos 'n skoon tjek of geskenke wat wag om ontvang te word. As jy graag 'n dinamiese gebedslewe wil hê, kry vir jou 'n belofte om aan vas te hou en jy kan jou antwoord ontvang. Daar is 'n vers in die Bybel vir elke behoefte en vir elke probleem. Hoe meer beloftes jy ken, hoe meer kragtig sal jou gebede word.

Die volgende logiese vraag is dan: *Hoekom werk die beloftes nie altyd nie?*

Ek lees van 'n man wat 'n diabeet was. Een dag kom hy af op Joh.14:14 wat sê: *“As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”* Hy sê toe: *“Here, ek gaan U vertrou om my gesond te maak van diabetes.”* Net daar en dan gooi hy sy insulien weg. Drie dae later is hy oorlede. Wat het gebeur? Die Here het dan belowe. Hoekom het dit nie vir hom gewerk nie?

Die feit van die saak is dat daar 'n wanpersepsie bestaan by baie gelowiges oor die Here se beloftes. Jy kan nie outomaties 'n belofte vir jouself toe-eien wat die Here vir iemand anders gegee het nie, tensy die Heilige Gees dit ook vir jou persoonlik gee!

Om te verstaan waarom hierdie studie gaan, moet jy verstaan dat die Here met mense op twee verskillende wyses praat:

1. **Universeel** – met almal.
2. **Persoonlik** – met individue, d.w.s 'n spesifieke boodskap vir 'n spesifieke persoon in 'n spesifieke situasie.

Vanaf Genesis tot Openbaring is die Bybel die Here se universele Woord vir almal. SOms praat die Here egter ook vanuit hierdie selfde Bybel met elkeen van ons op 'n meer persoonlike wyse. Dan gee Hy 'n spesifieke belofte aan 'n spesifieke persoon op 'n spesifieke tyd. Hierdie belofte is dan slegs vir daardie spesifieke tydstip.

Een voorbeeld hiervan is waar die Here op 'n dag na Sarai toe kom en vir haar sê: "Sarai, jy gaan 'n baba hê." Daar is niks vreemd daaraan om 'n baba te verwag nie, tensy jy negentig jaar oud is en jou man nege-en-negentig! Dit is ongelooflik! Dit was 'n spesifieke woord aan haar. Die Here het nie gesê: "Elke vrou in Israel gaan 'n baba kry wanneer sy negentig jaar oud word" nie. Dit was 'n spesifieke woord van die Here vir haar en vir niemand anders nie.

Om 'n belofte soos daardie te kry by die Here is die sleutel tot wonderwerke. Dit is die sleutel tot beantwoording van gebed. Wanneer die Here persoonlik met jou praat, kan jy gerus maar daarvolgens optree. Nog so 'n voorbeeld is waar Petrus op die water geloop het. Petrus is op 'n boot saam met die ander dissipels. Dit is in die aand. Die Here Jesus kom op die water aangeloop en Petrus sê: "Here, roep my en ek sal kom." Die Here Jesus gee dan vir Petrus 'n spesifieke woord vir binne 'n gegewe situasie. Hy sê: "Petrus, kom." Petrus klim uit die boot uit en begin om op die water te loop. Let wel dat niemand anders uit die boot geklim het, behalwe Petrus nie. Hoekom nie? Want die woord was net vir Petrus op 'n gegewe tydstip. Dit was nie 'n universele woord vir almal daar teenwoordig nie. Petrus het nie die volgende dag opgestaan en gesê: "Kom ons gaan vang vis, maar ons hoef nie 'n boot te gebruik nie. Ons kan op die water loop en visvang," nie. Nee, dit was slegs 'n eenmalige gebeurtenis.

Jy kan dus nie die boek Markus lees waar Petrus op die water loop en besluit jy gaan nou ook op die water loop in jou eie in jou swembad nie. Daardie woord was slegs vir Petrus bedoel. Ons beland in die moeilikheid wanneer ons 'n spesifieke belofte aan 'n spesifieke persoon in die Bybel probeer veralgemeen sonder dat die Heilige Gees ons lei om dit te doen.

Sommige mense lees 'n vers in die Bybel waar iemand genees is en sê: "Die Here het hulle gesond gemaak. Daarom sal dus vir my ook gesond maak." Dan bid hulle met baie geloof, maar ten spyte van al hulle geloof, gebeur daar niks nie. Dan word hulle kwaad en sê: "Here, hoekom maak U my nie gesond nie. Dit is dan in die Bybel. U sê dan U sal dit doen. U moet dit doen." Hulle het egter nie 'n persoonlike woord van die Here ontvang vir hulle eie spesifieke situasie nie.

Die duiwel het eenkeer probeer om dit met die Here Jesus te doen. Die Here Jesus was in die woestyn en die duiwel kom na Hom en sê: "Jesus, hoekom spring jy nie van die tempel se dak af nie, want die Bybel sê God sal jou beskerm." Dit was nie geloof nie. Dit was 'n veronderstelling. Dit was 'n algemene belofte. "Die Here sal jou beskerm." Dit is soos om 'n vers te lees, huis toe te gaan en gif te drink. Die Here het egter nêrens in die Bybel belowe dat Hy jou sal beskerm as jy gif drink nie! Dit was slegs 'n algemene belofte.

Om te verstaan hoe gebed werk, moet jy verstaan dat die Here op twee wyses praat. Hy praat met almal uit Sy Woord en dit is vir elkeen bedoel. Dan praat Hy ook persoonlik met 'n individu oor 'n persoonlike situasie in hulle lewe. Dit is hoe jy antwoorde kry op gebed.



Nou vra jy: Hoe praat die Here met my op 'n persoonlike wyse?

Hierdie beginsel is so belangrik. Dit is die sleutel tot wonderwerke in jou lewe, dit is die sleutel om die Here se wil te verstaan, dit is die sleutel tot moeilike situasies en dit is ook die sleutel tot geloof in situasies wat hopeloos lyk. Wanneer die Heilige Gees God se Woord neem en dit van toepassing maak op jou lewe, word dit vir jou lewendig.

Joh. 14:26 *“Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”*

Joh. 16:13 *“Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.”*

In hierdie twee verse sê die Here Jesus dat die Heilige Gees drie dinge kom doen in ons lewe: Hy leer ons, Hy herinner ons en Hy lei ons. Dit is die Heilige Gees se werk om toe te sien dat die Bybel op 'n persoonlike wyse toegepas word in ons lewens. Hy neem dus die Here se algemene, universele woord en verander dit in 'n spesifieke woord aan jou en my. Dit word genoem “illuminasie”. Dit is Sy werk. Dit is Sy verantwoordelikheid.

Daar is niks misties hieroor nie. Dit gebeur konstant. Dit gebeur ook met jou. Het jy al ooit in 'n erediens gesit en ervaar die predikant praat net met jou? Dit voel vir jou asof daar niemand anders in die vertrek is nie en jy wonder by jouself: “Hoe het hy geweet ek sit met hierdie probleem? Hoe het hy geweet dis presies wat ek nodig het?” Al wat gebeur het is dat die Heilige Gees die Woord wat die predikant gepreek het geneem het en sê: “Bingo! Dit is wat dit beteken in jou lewe.” Die Here neem dus 'n algemene boodskap wat die predikant vir almal sê en maak dit van toepassing spesifiek op jou lewe. Die Heilige Gees het dit illumineer en dit word 'n persoonlike Woord vir jou.

Was jy al ooit in 'n situasie waar iemand iets persoonliks met jou deel en jy by jouself wonder: “Wat moet ek vir hierdie persoon sê?” Dan, ewe skielik, kom daar 'n Bybelvers in jou kop op. Presies op die regte tyd. Presies wat jy nodig gehad het om te sê. Hoe het dit gebeur? Die Heilige Gees het aan jou vir iemand anders 'n spesifieke woord gegee, vir 'n spesifieke tyd, binne 'n spesifieke situasie.

Het jy jou al ooit bekommer oor 'n groot probleem of iets waarmee jy worstel en ewe skielik onthou jy iets wat jy gehoor het in 'n preek twee maande tevore wat jou situasie perfek pas? Die Here het nou met jou persoonlik gepraat. Dis hoe die Here in ons lewens werk. Die Heilige Gees neem die algemene Woord van God en maak dit vir ons lewendig.

Hoe weet jy wanneer dit die Here is wat iets binne jou wakker maak?

1. Dit sal altyd in lyn wees met die Bybel. Die Here weerspreek Homself nooit nie. As die Here dus iets op jou hart lê wat teenstrydig is met die Bybel se lering, kan jy beslis weet dit kom nie van die Here af nie.

As iemand na jou toe kom en sê: “Ek glo dit is die Here se wil vir my om ‘n buite-egtelike verhouding aan te knoop”, kan jy vir seker weet dit is nie die Here wat hom hierin lei nie. Die Here sal nooit iets sê wat teenstrydig is met Sy geskrewe Woord nie.

2. Ewe skielik word die Bybel vir jou lewendig.

Dit kry somer nuwe betekenis vir jou.

Dit word dinamies en opwindend.

As ‘n predikant vir sy gemeente op ‘n Sondag sê: “Ek is lief vir julle”, is dit ‘n algemene woord aan ‘n groot groep mense. Veronderstel sy vrou sit in die voorste ry sit en luister na sy woorde. Word sy hierby ingesluit? Natuurlik. Maar tog doen sy verklaring van liefde niks aan haar hart nie. Dit is slegs ‘n algemene woord aan almal teenwoordig. As daardie selfde predikant egter na sy vrou toe stap en in haar oor flusiter: “Ek is lief vir jou”, kry hy ‘n heeltemal ander reaksie. Haar oë helder op en haar hart begin vinniger klop. Nou verander die algemene woord in ‘n persoonlike woord. Hy het niks anders vir sy vrou gesê as wat hy vir die gemeente gesê het nie. Tog het dit nou ‘n nuwe betekenis aangeneem. Dit het ‘n woord spesifiek vir haar geword. Hierdie is die geheim van beantwoorde gebed.




Dit is wat gebeur by ons bekering wanneer ons kinders van die Here word. Hoeveel keer het jy nie al in die verlede gehoor dat die Here vir jou lief is nie? Elke keer was dit egter soos water wat van ‘n eend se rug afrol. Tot op ‘n spesifieke dag wat die Here daardie selfde woorde vat en dit in jou hart graveer en jy besef: “Die Here het my lief!” Dan besef jy vir die heel eerste keer dat die Here vir jou liefhet, met al jou geite en streke, met al jou probleme en bekommernisse, met al jou verkeerde gewoontes! Dan word die Here se algemene woord aan almal, ewe skielik baie persoonlik. Dan word dit lewendig in jou hart en kry dit nuwe betekenis.

Een van die gevolge daarvan om ‘n persoonlike woord by die Here te kry, is dat dit jou geloof geweldig bou. Geloof kom eintlik deur die hoor van die persoonlike woord van die Here, nie net die algemene woord nie. Geloof kom wanneer ek ervaar dat die Here met my persoonlik praat. Dan kry ek nuwe hoop en moed.

Dalk het dit al gebeur tydens jou stiltetyd dat jy ‘n vers lees wat jy dikwels vantevore gelees het, maar daardie spesifieke oggend kry dit vir jou nuwe betekenis en jy dink by jouself: “Ek het dit nog nooit so gesien nie!” Jy besef dan somer hoe dit inpas in jou lewe en later kom jy agter dit was presies wat jy nodig gehad het vir daardie spesifieke dag.

Dit was die Gees van die Here was ‘n algemene woord aan almal geneem het en dit van toepassing gemaak het op jou lewe op ‘n persoonlike en praktiese wyse. Jy moet by die Here ‘n spesifieke woord kry.

Daar bestaan sewe stappe oor hoe om te bid vir 'n probleem in jou lewe.



1. Bely elke sonde in jou lewe waarvan jy bewus is.

Jy moet vir die Here sê: “Here, ek wil nie hê dat enigiets tussen my en U staan nie. Is daar enige verkeerde gesindheid wat ek het? Is daar enigiets wat ek doen wat U wil hê ek mee moet ophou? Is daar enigiets wat ek moet doen maar nog nie mee begin het nie?” Maak jou lewe heeltemal skoon voor die Here. Die Bybel sê in 1 Joh.1:9 *“Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”* Bely dit voor die Here en maak seker die kanaal tussen jou en die Here is oop.

2. Dra die situasie/besluit op aan die Here Jesus.

Spreek 3:5-6 *“Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.”* Moenie probeer om alles self te doen nie.

Probeer om jouself so neutraal as moontlik te kry t.o.v. die uitkoms van die situasie. Dit mag tyd neem. Sê vir die Here: “Here, wat U ookal besluit oor hierdie probleem is vir my reg. Wat U wil hê, wil ek ook hê. Wat U nie wil hê nie, wil ek ook nie hê nie.” Hierdie gesindheid is die gesindheid wat die Here Jesus gehad het in die Tuin van Getsemané voor Sy kruisiging waar Hy gebid het: *“Vader, nie My wil nie, maar U wil.”* Dan sê jy: “Here, hierdie is ‘n groot probleem vir my en ek weet nie wat om daarmee te maak nie. Laat U wil geskied.” Gee dit vir die Here.

3. Vra die Here om Sy wil aan jou bekend te maak deurdat Hy Sy begeertes in jou hart plaas.

Sodra jy jou eie wil uit die pad gekry het, is die derde ding wat jy moet doen om te sê: “Here, help my om te weet wat U wil is deur ‘n begeerte volgens U wil in my hart te sit.” Sommige mense is bang om dit te vra, want hulle dink dat as hulle dit graag self wil hê, dit mos teen die Here se wil is. Dit is nie die waarheid nie. Die Here is dikwels baie sterk teenwoordig in ons begeertes. Hy kan ons lei deur Heilige Gees geïnspireerde begeertes. Psalm 37:4 *“Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer”* As jy regtig die Here se wil nastreef, sal jou begeertes in lyn met Syne wees. Markus 11:24 *“Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.”*

Hoe weet ek dit? Jak. 1:5 *“As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.”* Jy sê: “Here, gee my die begeerte om die regte ding te doen.” Hoekom? Fil.2:13 *“Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.”* Hy kan die begeerte in jou hart kom plaas.

Hoe weet jy of die begeerte van die Here af kom? Een goeie toets is die toets van tyd. Vra die Here: “Here, as hierdie begeerte van U af kom, maak dit asseblief sterker. As dit nie van U af kom nie, neem dit asseblief weg.” Vra die Here om dit te doen. Dit is ‘n baie geldige versoek.

4. Meet jou begeertes aan die Bybel.

Noudat jy 'n duidelike begeerte het, maak seker of dit in lyn is met wat die Bybel leer. Die Heilige Gees lei ons nooit om iets te doen wat teenstrydig is met die Bybel nie. As my begeerte teenstrydig is met wat die Bybel sê, weet ek dit is nie van die Here afkomstig nie. Die probleem is: as jy nie die Bybel ken nie, hoe gaan jy dit kan doen? Dit is hoekom dit so belangrik is om die Bybel gereeld te lees en te bestudeer. As jy egter nie die Bybel baie goed ken nie, gaan toets dit met een van jou predikante. Vra hulle wat die Bybel hieroor sê.



In Jak.3:17 is daar agt toetse wat jy kan toepas as jy wil uitvind of 'n idee van die Here af kom of nie. *“Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.”*

5. Luister na die stem van die Here vir 'n persoonlike belofte.

Luister na dit wat die Here graag vir jou wil sê. Moenie na die Bybel toe hardloop en sommer elke belofte vir jouself vat nie. Onthou julle die ou wat die oggend vir die Here gevra het: “Here, wat is U wil vir my vandag?” Toe maak hy sy Bybel oop en druk sy vinger op die vers wat sê: *“Judas het toe weggeloop en homself gaan ophang”*. Hy het vir homself gesê dat dit nie reg kan wees nie. Toe doen hy dit weer. Hierdie keer druk hy toe sy vinger op die vers wat sê: *“Gaan maak jy ook so.”* Weereens dink hy by homself dat dit nie reg kan wees nie en hy probeer toe 'n derde keer. Hierdie keer druk hy sy vinger op die vers wat sê: *“Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!”* Dit is die tipe ding wat gebeur wanneer jy onverantwoordelik met die Woord omgaan en 'n vers probeer soek wat jou omstandighede pas.

Luister na die Here. Lees die Bybel biddend en wag totdat die Here met jou praat.

Die persoonlike woord wat die Here vir jou gee oor jou situasie sal na jou toe kom op verskillende wyses:

- ***Dit mag dalk kom deurdat jy die Bybel lees.*** Terwyl jy nog so die Bybel lees, sien jy 'n vers wat dadelik tot jou hart en omstandighede praat.
- ***Dit mag dalk kom gedurende 'n Sondag erediens.*** Jy sit nog so in die kerk en ewe skielik slaan dit wat die predikant sê jou tussen die oë. Miskien is dit dalk selfs net die woorde van 'n liedjie wat julle sing en jy ervaar dat die Here sê: “Dit is vir jou! Hier is jou antwoord.”
- ***Dalk gebeur dit tydens 'n Bybelstudiebyeenkoms.*** Elkeen behoort deel te wees van 'n Bybelstudiegroep, want hier leer ken ons die Woord ken. Jou gebedslewe kan nooit groter wees as jou kennis van die Woord nie.
- ***Dalk luister jy na 'n preek op 'n CD of dalk kyk jy na 'n program op DSTV.*** Jy kan nooit seker wees wanneer jy dit gaan ontvang nie. Miskien is dit selfs 'n vriend wat iets vir jou sê sonder dat hy dit self eens besef.

Vyf-en-negentig present van alle gelowiges hoor nooit die Here se stem nie, omdat hulle eenvoudig té besig is. Ons wil mos graag hê dat die Here binne vyf sekondes met ons moet praat. Die Here neem egter langer as dit, omdat Hy ons graag wil voorberei. Hy wil ons graag verander, Hy wil ons gereedmaak. Die Here praat graag met diegene wat tyd maak om na Hom te luister.

Is jy bereid om op die Here te wag? Om te luister? Wag totdat die Here met jou praat. Luister na die Here se persoonlike woord aan jou.

Nadat jy die vers by die Here ontvang het waarvoor jy gewag het....



6. Eien die belofte vir jousef toe met vrymoedigheid.

Eien dit vir jousef toe, glo dit, weet dit sal gebeur. Nou kan jy reeds baie spesifiek bid. Nou kan jy reeds vir die Here dankie sê deur Hom te loof en prys.

Onthou jy hoe die antwoorde altyd agter in die Wiskunde boek was op skool? Jy moes dan eers die som doen en daarna, sodra jy klaar is, na agter blaai om seker te maak dat jou antwoord korrek is. Maar dit is nie wat jy gedoen het nie, né? Jy het, in plaas daarvan om die som eers uit te werk, eerder heel eerstens gaan kyk na wat die regte antwoord is en dan probeer uitwerk hoe om by die regte antwoord uit te kom! Jy het dus geweet waarheen jy oppad is. Al wat jy nou moes doen, is agter te kom hoe om daar uit te kom!

Dit is presies hoe gebed werk. Die Here gee jou 'n belofte en sê: "Ja, ek gaan jou antwoord." Jy weet dus hoe dit gaan eindig, maar jy moet teruggaan en wag totdat alles uitwerk soos wat dit moet.

Veronderstel jy gaan na die Drakensberge vir werk. Dit is egter baie koud toe jy daar aankom. Onmiddelik stuur jy vir jou vrou 'n sms waarin jy vra dat sy jou warm baadjie moet aanstuur. Die volgende dag besuit jy toe om haar te bel en te hoor of sy die sms ontvang het. Jy sê: "Dit is yskoud hier, al is dit warm in die Vrystaat. Sal jy asb. vir my 'n baadjie aanstuur soos ek in my sms gevra het?" Sy antwoord: "Ek het jou sms gekry en jou baadjie is reeds in die pos." Nou kan jy vir haar dankie sê, want jy weet jou baadjie is reeds oppad. Jy hoef nie meer onseker te wees daaroor nie. Dit is oppad.

Dit is hoe dit werk met gebed. Die Here gee jou 'n belofte om jou eie te maak en jy sê: "Dankie Here. Ek het dit nog nie ontvang nie, maar ek weet dit is oppad, omdat U gesê het dit gaan gebeur. U het vir my 'n persoonlike woord gegee. U het met my hart gepraat en ek weet dit gaan gebeur. Dit gaan nou bloot oor die tydsberekening. "

Die Here sal dikwels vir ons bevestiging stuur. Nadat jy reeds die besluit geneem het en jy reeds 'n stap van geloof geneem het, gee Hy dikwels vir jou bevestiging daarvan gedurende hierdie wagperiode.

7. Gaan oor tot aksie wanneer die Here sê: "Gaan."

Moenie oorgaan tot aksie totdat die Here vir jou sê om dit te doen nie. Wanneer die Here vir jou 'n idee gee, gee Hy dit in 3 dele. Eerstens sê Hy **wat** Hy gaan doen, dan sê Hy **hoe** Hy dit gaan doen en

laastens **wanneer** Hy dit gaan doen. Die grootste fout wat mense maak is dat, wanneer die Here vir hulle die eerste deel gee, hulle vergeet van die tweede en derde deel. Ons kry die idee en sê: “Die Here het vir my gesê wat Hy gaan doen”. Dan probeer ons dit op ons eie doen asof die Here nie omgee hoe dit gedoen word nie. Ons doen dit op ons eie manier en dit werk nie, want ons verstaan nie die Here se tydsberekening nie en hardloop dit vooruit.

Hoe kan ons die Here se tydsberekening ken? Dit is wanneer dinge sommer ooglopend in plek val. Wag daarvoor. Wag totdat die Here vir jou sê: “Gaan.” Dan gaan jy oor tot aksie. Dan moet jy ‘n stap van geloof neem. Soos Petrus wat op die water geloop het. Dit was ‘n wonderwerk. As jy op die water wil loop, moet jy uit die boot klim. Jy moet die kans waag. Jy moet die risiko neem.

Gebed:

Die Here wil graag werk in elkeen van ons se lewe. Doen die Here steeds wonderwerke? Beslis, maar Hy doen dit egter op Sy eie manier, volgens Sy eie voorwaardes en volgens Sy soewereine wil. Sommige van ons staan voor moeilike besluite in ons huwelik, by die werk en besigheid. Die beginpunt is belydenis voor die Here: “Here, is daar enigiets in my lewe wat ‘n struikelblok is tussen my en U? Is daar enige sonde wat U wil hê ek moet van afsien? ‘n Verkeerde gesindheid wat ek moet bely? ‘n Gewoonte wat ek moet prysgee? Iets wat ek moet ophou om te doen? Iets wat ek uitstel om te doen?” Vra om vergifnis. Vra dan dat die Here jou help om jouself neutraal te kry oor jou situasie. Sê: “Here, help my om te begeer wat U begeer. As U dit wil hê, wil ek dit hê. Ek is gewillig. Laat U wil geskied.”

Miskien behoort jy in te skakel by ‘n Bybelstudiegroep. Jy gebedslewe kan nooit groter wees as jou kennis van die Bybel nie. Dan sê jy: “Here, ek wil stil word en na U stem luister, totdat U in my hart die versekering plaas oor my besluit. Praat met my soos U goeddink.” Wanneer die Here dan die sekerheid in jou hart plaas oor wat jy moet doen, neem die belofte vir jouself en wanneer die Here sê: “Gaan”, gaan jy oor tot aksie. Onthou, die Here het jou nie ‘n gees gegee van vreesagtigheid nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. Hy wil jou vul met Sy liefde en krag. Hy wil graag vir jou emosionele en geestelike stabiliteit gee.

Sal jy hierdie gebed in jou hart bid? As jy nog mooi tevore jou lewe oorgegee het aan die Here Jesus nie, is vandag jou kans. Die Here sê vir jou: “Ek het jou lief!” Hy sê dit nie vir iemand anders nie, maar vir JOU! Dit is nie per toeval dat jy hierdie studie nou lees nie. Die Here het selfs 1000 jaar gelede reeds geweet jy gaan dit lees. Bid in jou hart: “Here Jesus, ek verstaan nie alles nie, maar ek ervaar dat iets besig is om in my lewe te gebeur. Here Jesus, ek wil graag in U glo. Ek wil graag hê dat U eerste prioriteit word in my lewe. Kom neem beheer oor van my lewe. Here Jesus, Ek wil graag wonderwerke ervaar in my lewe. Ek wil graag die persoon wees wat U van my verwag om te wees. Help my om al hierdie dinge beter te verstaan. Na die beste van my vermoë, maak ek my lewe nou vir U oop. ”

Miskien het jy jou lewe opnuut weer vir die Here gee of miskien was dit vir die heel eerste keer. Hierdie is egter die begin van ‘n nuwe verhouding vir jou met die Here. Dit is wat die Bybel noem “weergeboorte”. Dit beteken om nuut te begin lewe met die Here as hoogste prioriteit.